HERBS

No. 99 **Maart 2011**

Hierdie geillustreede nuusbrief bied die jongste Hermanus Botaniese Vereniging se nuus en menings oor die fynbostoneel. Dit verskyn ook op ons webtuiste
www.fernkloof.com

ALGEMENE VERGADERING

Die Jaarlikse Algemene Vergadering van die Hermanus Botaniese Vereniging het op 14 Januarie plaasgevind. Voorsitter Pat Miller het aan 'n gepakte Fernkloofsaal verslag gedoen oor die Vereniging se aktiwiteite van die afgelope jaar. Lede het na die vergadering ligte versnaperings en 'n glasie wyn geniet. 'n Volledige verslag kan van die Fernkloofkantoor verkry word.

Die nuut-verkose komitee vir 2011 is:

Pat Miller	Voorsitter	028-313 0093
Anthony van Hoogstraten	Vise-voorsitter	028-314 0470
Michael Clark	Tesourier	028-312 1456
Margaret Stanway	Lidmaatskap-sekretaresse	028-312 2575
Lee Burman		028-312 3011
Peter Finlayson		028-312 3515

Die Botaniese Vereniging verwelkom Margaret en Peter as nuwe lede op die komitee. Lee Burman is die kontakpersoon vir Fernkloofsaal-besprekings en oornagverblyf in Galpinhut.

ONS FERNKLOOF-ORGIDEë

Drie pragtige orgideë, wat selde gesien word, is onlangs deur stappers in die Reservaat gesien!

Holothrix villosa

Acrolophia lamellata

Disa filicornis

FERNKLOOF SE VETPLANTE

Ons was bevoorreg om die internasionale vetplantdeskundige, Frans Noltie, in November as ons aand-gasspreker te gehad het, en gevolglik aangespoor was om die vetplante van Fernkloof van naderby te bekyk. Daar is verbasend baie as in aanmerking geneem word dat bergfynbos nie normaalweg beskou word as vetplantgebied nie.
Dit is egter nie verbasend nie dat die meeste van ons vetplante in diep sanderige grond met goeie drei- nering of in rotsgleuwe aangetref word waar hulle die voordeel van klein hoeveelhede reën kan benut sonder dat hul wortels waterdeurdrenk raak.

Die plante wat onmiddellik voor die geestesoog verskyn wanneer 'n mens van vetplante praat, is die vygies, lede van die Mesembryanthemaceae-familie. Sommige botaniste sluit die Mesems in by die Aizoaceae-familie, maar tot nou toe het ons hulle van mekaar geskei gehou aangesien hulle in voorkoms twee natuurlike groeperings vorm.

Carpobrotus edulis

Carpobrotus acinaciformis

Die Mesems is die tipiese vygies met dik, sukkulente blare, en hier tref ons twee spesies van Carpobrotus (suurvy) -rankplante aan, uitstekend om bogrond te bind en in die geval van *Carpobrotus edulis,* die dra van heerlike vrugte ook. Die ander een, *Carpobrotus acinaciformis,* dra nie vrugte nie maar vergoed daarvoor met sy helder purperrooi blomme.

Delosperma guthriei

Lampranthus sp.

Nòg 'n vetplant-grondbedekker is *Delosperma guthriei,* volop langs die Kranspaadjie, veral by Westcliff. Dit is 'n aanwins vir die tuin met sy wit blomme wat die hele somer lank blom. Gelukkig word hy in Hermanus beskerm aangesien die Kranspaadjie 'n deel van Fernkloof vorm, maar in ander gebiede word dit oorgeneem deur behuising, met die gevolg dat hy in die jongste Rooilys aangegee word as kwesbaar.

Ons het ook verskillende spesies "pienk" vygies van die genus Lampranthis hoewel ons huidige telling van 9 spesies waarskynlik sal krimp aangesien die genus in die proses van revisie is en sommiges gaan bymekaar gegooi word.
Aalwyne, met hulle dik randdoringblare, is natuurlik ook vetplante. In Hermanus is slegs een spesie, wat op Hoy-se-Koppie en 'n paar ander plekke op die berg voorkom, naamlik *Aloe succotrina*.

Aloe succotrina

Crassula coccinea

Een van die grootste groeperings vetplante is die Crassula-familie, waarvan 'n hele aantal in Fernkloof en aan die kus voorkom. Die mees algemene een van hulle is die "Plakkie" *Cotyledon orbiculata* en die helder rooi *Crassula coccinea* wat hoogsomer tussen die rotse blom.

Een wat vir my altyd baie spesiaal is wanneer ek dit sporadies in blom raakloop, is *Orbea variegata* wat homself in die rotsskeure van die kranse inbed en daarom baie moeilik is om te sien. Die blomme is roomkleurig-geel, bedek met maroen kolletjies en hulle gee 'n sterk aasreuk af wat sy bestuiwer, die brommer, aantrek.

Crassula glomerata

Orbea variegata

Sommige van die mees onwaarskynlike plantfamilies, soos die Asteraceae, het vetplantlede soos byvoorbeeld *Othonna dentata* met sy geel madeliefie-blomme wat langs die Kranspaadjie voorkom en Senecio serpens wat in rotskrake van die kranse en langs die kus voorkom.

Nòg 'n familie wat beskou word as hoofsaaklik vetplante, is Euphorbiaceae. Die welbekende *Euphorbia caput-medusae* met sy vreemde voorkoms, wat in die aalwyntuin by Fernkloof te siene is, is nog nie in hierdie omgewing wild in die natuur waargeneem nie. Hoewel ons 'n aantal ander lede van hierdie familie in Fernkloof het, kan ons, eienaardig genoeg, nie een van hulle klassifiseer as vetplante nie.

Lee Burman

WAT BLOM IN FERNKLOOF

Gladiolus brevifolius

Empodium plicatum

Gladiolus brevifolius, 'Pypie' of 'Herfspypie', word teen die laer sanderige tot klipperige hange en op vlaktes aangetref. Die blomme het soms 'n reuk en die meeldrade dra geel stuifmeel. Terwyl die plant blom, is die loofblare droog, maar die blomsteel dra skutblare waar van die onderste roespuntig is.

Empodium plicatum, 10 tot 20cm, dra die baie paslike gewone name soos 'Ploegtydblommetjie' of 'Herfssterretjie' waarvandie blomtyd saamval met die herfsploegtyd van plase in die Wes-Kaap. Die basale blare is in die lengte geplooi, vandaar die spesienaam '*plicatum*' wat beteken 'in plooie of voortjies gevou te wees'. Die genus *Empodium* verskil van die baie eenderse *Spiloxene* genus daarin dat die eiersel tydens blomtyd ondergronds is. Word aangetref op vlaktes en teen laer hange, op seisoenaal klam plekke en die helder geel blomme word dikwels langs die kranspaaidjies aan die basis van rotse gesien.

Paranomus sceptrum-gustavianus

Erica galpinii

Paranomus sceptrum-gustavianus, of, meer indrukwekkend, 'Koning Gustav se Septer" is 'n stewige struik wat tot 1.8 meter hoog, bo die omliggende fynbos kan staan. Die blare is tweevormig dié onder die blomkoppe is wigvormig en volledig, die laer blare het insnydings. Die treffende roomkleurige blomme het 'n byna oorheersende soet reuk. Hierdie plante kan in Fernkloof teen die suidelike hange Galpinpiek waargeneem word.

Erica galpinii kan gewoonlik aan die regterkant van die paaidjie opwaarts na Galpin, ook teen die suidelike hange onderkant Galpinpiek waargeneem word. Ongesteur deur vuur, kan die Erika hoogtes van 1.8 meter bereik en die mooiste liggeel blomme aan die punte van hul takkies dra. *Erica galpinii* word in die Rooi Lys beskryf as **Bedreig** en, synde 'n saadskieter, word hy nadelig beinvloed deur veelvuldige vure. Volgens Die Rooilys van Suid-Afrikaanse plante het die subpopulasie van Galpinkop/Aasvoëlkop afgeneem in getal, van ongeveer 700 plante voor 1980 tot minder as 200 plante in 2001. Hulle word op slegs twee plekke in die Kleinrivierberge van Hermanus aangetref.

Sandy Jenkin

'N GEKAMOEFLEERDE INWONER VAN FERNKLOOF

Hierdie innemende hotnotsgot, wat deur Vic Hamilton-Attwell gefotografeer is, is deur entomoloog, Denise Schemel, geïdentifiseer as *Herpagomantis tricolor* van die familie Hymenopodidae. Hulle boots blomme na en sal geduldig bewegingloos op blomplante sit en wag om besoekende insekte in 'n hinderlaag te lok. Hierdie spesie word wydverspreid in Suid-Afrika aangetref. Verwysing: Griffiths, Picker, Weaving. "2002 Field Guide to Insects of South Africa."

BESONDERE MIMETES GROEI IN FERNKLOOFTUIN

Hierdie silwerblaarskoonheid is *Mimetes hottentoticus*, 'n lid van die Proteaceae familie wat doodlukkig in ons Fernklooftuin groei en blom. In die natuur word sy status beskryf as Kritiek Bedreig en die plante word grootliks beperk tot die Kogelberg Sandsteenfynbos. Besondere dank aan Rob Thomas van Bettysbaai wat 'n aantal van hierdie besondere mimetesplante geteel het deur inenting op 'n conocarpodendronstam. Hy voorsien hoofsaaklik aan Harold Porter en Kirstenbosch, maar vergeet nooit ons klein, maar besondere tuintjie nie. Hy het ook in die nabye verlede twee ander spesies van die silwermimetesgroep geskenk, naamlik, *Mimetes argenteus*, 'n delikate verskynsel van ligpers en pienk wanneer dit blom en *Mimetes splendidus*, goud en luisterryk. Kom kyk oor twee jaar na hulle.

Geraldine Gardiner, Fotos: Christine Wakfer

In Fernkloof is daar drie spesies Mimetes - *Mimetes cucullatus* (onder links), *Mimetes palustris* (middel) en *Mimetes hirtus* (regs).

HET JULLE GEHOOR?

• Ons sê vir Grant Forbes en Dean Gardiner dankie: die Besoekersentrum pronk met 'n nuwe laag verf, en 'n nuwe plankpaadjie is oor die wandelpad in die klam gebied onderkant die Sentrum gebou.

• Vloerpraatjies' waargeneem by die Botsoc-AJV - Paadjies in die nuut gevestigde boomtuin blyk 'krakerig' te wees as 'n mens daarop loop, is dus voëlkyker-onvriendelik en verg gereelde onderhoud. 'n Oplossing word gesoek.

• 'n Groot plaat (400-500plante) van die **KRITIEK-BEDREIG** *Erica hermani* is deur Jane Crawford en Geraldine Gardiner teen die sanderige hange bokant Hermanus Heights ontdek terwyl hulle teen die einde van Februarie besig was om plante te versamel. Die klein plantjies (drie jaar na 'n brand) was bedek met hulle perserige malvapers klein, klokvormige blommetjies. Die vonds moet aan SANBI en CREW gerapporteer word. (Bewaarders van Skaars en Bedreigde plante.)

• Hierdie selfde hange is nou varsgroen soos 'n weiland en kwistig bedek met wilde blomme, veral die pienk Erikas, *E. rhopalantha, E. labialis, E. globiceps en E. longiaristata.*

• 'n Totaal van 17 verskillende Erika-spesies is een oggend in Februarie vir uitstalling by die Besoekersentrum bymekaargemaak. Een besoeker van Oostenryk se kommentaar in die Besoekersboek was "Plantastic!"

• Gelukwense sal aanvaarbaar wees! Die **5000ste** foto (en dit is gepas dat dit *Erica hermani* moet wees) is pas deur Christine tot die webtuiste toegevoeg. Hierdie is 'n 'hoofsaak onderweg!' Die totale fotoversameling sluit foto's in van ons Fernkloofblomme, voëls en soogdiere, en die Hermanus Voëlklub is verantwoordelik vir bydraes van vele uitmuntende voëlfoto's. Skakel in op die webwerf www.fernkloof.com, klik op Skyfievertoning (Slide Show) in die linker bohoek van tuisbladsy (home page), voeg die laaste getal by in die vakkie en klik die Vertoon (DISPLAY) ikon om die laaste foto te sien.

• Gedurende Maartmaand maak ons swart krieke (*Gryllus bimaculatus)* hulle herverskyning te midde van hul enigsins irriterende nagtelike koor, veral wanneer hierdie getjirp onder die yskas in verdwyn. Denise Schemel, 'n entomoloog by OCF, verduidelik: "Krieke bereik tydens laat somer volwassenheid. Die blinkswart manlike krieke begin te tjirp deur hulle hulle vlerke teen mekaar te vryf. Hulle kan die tjirpgeluide verander na 'n sagter, dieper roep wanneer hulle genader word, of tot 'n hoër toon wanneer hulle vroulike krieke aantrek. Beide manlike en vroulike krieke beskik oor uitmuntende gehoororgane en hierdie "ore" kom nie in hul koppe voor nie, maar in hul knieë. Vir vroulike krieke is dit moontlik om effense verskille in volume te onderskei en so word 'n manlike kriek volgens sy tjirpliedjie gekies!"

• Vir die eerste keer in 25 jaar sal Suid-Afrika nie die glans van sy blommeprag in 2011 by die Chelsea Blommeskou kan ten toon stel nie. Die rede - gebrek aan korporatiewe borgskap. SANBI doen 'n beroep op geïnteresseerde instellings of borge vir 2012. Verwysing: www.sanbi.org.

• Weer eens dankie aan Claude en Loretta, vrywillige natuurbewaarders, vir hul voortdurende onderhoud van Galpinhut.

"PAAS-PLANTVERKOPING BY FERNKLOOF-KWEKERY"

22 tot25 April

20% korting op alle plante

"Spesiale pryse vir Groot Bome"

Basbome, Waterbessie, Neutbome en vele meer

DAGBOEKDATUMS

18 Maart
Jim Sweet sal 'n praatjie lewer met die aanloklike opskrif "Vegetation and Mapping in Namibia and Angola". ('Plantegroei en Kartering in Namibië en Angola'.)

15 April
Dr. C. Moran sal oor die belangrikheid van "Fynbos and the Biological Control of Alien Trees" ('Fynbos en die Beheer van Uitheemse Bome') praat.

22 tot 25 April
Paas-plantverkoping by Fernkloofkwekery: 09h00 tot 16h00.

20 Mei
Cameron McMaster, 'n gevierde kenner van inheemse bolle(knolle), sal 'n geïllustreerde praatjie aanbied oor "Bulbous Plants of the Overberg" (' Bol(knol)plante van die Overberg.')

17 Junie
Rosanne Stanway sal oor die boeiende onderwerp "Plant Pollinator Interactions and Implcations of Global Change on Pollination Web Structure" ('Plantbestuiwer-interaksies en Implikasies van Globale Verandering op Kruisbestuiwing-struktuur') praat.

15 Julie
BOTSOC(BOTVER) se sop-en-sjerrieaand.

19 Augustus
Lynda de Wet, gevierde Botaniese Kunstenaar en wenner van die Kirstenbosch Botaniese Biënnale Goue Medalje in 2010, sal 'n geïllustreerde praatjie aanbied.

Alle praatjies word op die derde Vrydag van die maand om 19h00 in die Fernkloof saal aangebied.

Baie dankie aan André van der Spuy vir die vertaling
Ons verwelkom enige bydraes tot/terugvoer op die nuusbrief.
Fotografiese bydraes: Lee Burman, Vic Hamilton-Attwell, Herman Steyn, Sandy Jenkin, Christine Wakfer

Redakteur: Sandy Jenkin
Redaksionele assistente: Geraldine Gardiner, Christine Wakfer, Lee Burman
Hermanus Botaniese Vereniging Tel: 028 314 0554
Privaatsak X16
Hermanus 7200 botsochermanus@telkomsa.net